

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Dordt of Ubuntu

Die gevaar van 'n identiteitskrisis is dat roekeloosheid een of ander tyd sy kop uitsteek. 'n Roekeloosheid wat onverantwoorde dinge voor God en teen God kan aanvang. So 'n krisis kan jou hand aan jou lewe laat slaan - of aan die van ander. Wat is die roeping van die kerk as hy 'n identiteitskrisis raaksien, nie net by die enkeling nie, maar ook by die groep? Eers moet twee belangrike vrae gevra word: het die kerk self ook 'n identiteitskrisis en het die kerk 'n aandeel in die krisis?

Die Afrikaanse Gereformeerde Kerke, trouens al die Afrikaanse kerke, het tans 'n massiewe identiteitsprobleem. Daar is baie oorsake daarvoor. Ook die Afrikanervolk gaan deur een van die grootste sielsoeke, indien nie die grootste van sy kort bestaan nie. Die kerk kan dit nie ignoreer met 'n verkeerdlike beroep óf op 'n vergeestelike koninkryk óf oorleun na die ou Roomse genade-natuur skema wat die probleem netjies wil omseil nie. Die kerk, veral die Gereformeerde Kerke wat weet waar Dordt is, is die volke, en ook die Afrikaners 'n woord skuldig oor wie hulle is en moet wees.

Gelofte

Laat ons die probleem konkreet

stel. Middel Desember is dit weer die sestiende. Gewone dag? Geloftedag? Versoeningsdag? Wat moet die predikante hieroor preek? Daar is diegene wat die dag al verander het na 'n vakansiedag saam met die familie. Daar is dié wat sê die kerk se roeping strek tot herinnering aan die negende gebod - ook vir volke: jy mag nie 'n gelofte breek nie. Daar is die predikante wat die ANC volg en die dag met versoeningswoorde inkleur. Is versoening dan nie Bybels nie?

Lanklaas het oergode en moderne gode so 'n aan- en inval in die kerk geloods soos nou. Die verwarring is te verwagte. As die Gereformeerde Kerke se identiteitskrisis nie aangespreek word nie, verloor die kerk sy daadkrag in die samelewing. 'n Deurmekaar kerk het nie veel aantrekkingskrag nie.

Met hierdie identiteitskrisis moet die kerk twee dinge doen:

- Ons moet weet dat die identiteit van die kerk 'n geskenk van God Self is. Identiteit word nie gekies of gekeur nie. Ons moet terug na ons wortels: Dordrecht het dit opnuut helder geleer. In Jesus Christus is ons voor die grondlegging uitgekies om heilig en sonder gebrek voor God te

wees (Efesiërs 1:4). Jy is en moet word waarvoor God jou gekies het. God se keuse bepaal jou lewe en lewensinrigting - ook vir volke. Die kerk kan nie sonder die uitverkiesingsleer leef of beef nie.

- Die tweede is dat ons die verbond nie moet vergeet nie. Die Gereformeerde Kerke is besig om die verbond in sy teologie te verloor. Die gevolge daarvan gaan katastrofies wees. Die verlies slaan drie gate in die muur: 'n remonstrantse, 'n roomse en 'n heidense wond. Die sektariese remonstrante wat die verbond met moedersmelk verag, gaan die volke aanbeveel om bloed te ruik of stof te skop: nasionalisme of emigrasie. Die roomse genadenatuur gaan natuurlike volksgode onaangeroer los: dit gaan vir die Afrikaner vertel hy het 'n stamgod. Die heidense skeur gaan die geloof in Christus verwoes.

Slegs deur Dordt sal ons die afgod van Ubuntu se heilige boomstamme kan afkap. Die gevaar van Ubuntu is nie denkbeeldig nie. Die westerse deel van die kerk het nie 'n vae idee hoe gevaarlik hierdie afgod is nie. Die terminologie klink verbondsmatig: om 'n mens te wees deur ander mense. Dit laat jou identiteit nie deur geloof in Christus

INHOUD

1 Redaksioneel
Dordt of Ubuntu

2 Skrifoorndenking
Die lag rondom die verbond
Ds PJ Venter

4 Op die Kerkerf
Sinode 2006 en Handeling 15
Ds GJ Meijer

7 **Nasionale Sinode 2006**
Prof JH van Wyk

8 Aktueel
Botswana Sendinggroep in aksie
Ds CB Swanepoel

9 Fokus
Gereformeerde skoolonderwys
Mev H Stolper

12 In die Koninkryk
Foi et Vie Réformées
Ds E Kayayan

13 Persskou
• **Christusverkondiging op Kersfees**
• **Sondag in die vroeë kerk**
• **Met nekke onder Een juk**
Ds GJ Meijer

bepaal nie, maar deur medesondaars wat anders en soms eenders as jy is. Nie deur die bloed van Christus nie, maar deur jou eie bloed. Die invloed van Ubuntu op die kerk gaan nie verandering wees nie, maar verdwyning. Die eenvoudige rede daarvoor is dat daardie god nie die Bybel nie, maar voorvadergeeste nodig het om voort te plant.

Volk-s-preke

Die Gereformeerde Kerke moet weer vir die volk - as volk - begin preek. Ons kan dit net doen as ons ons eie identiteitskrisis te bowe

gekom het. Dit doen jy deur jou uitverkiesing te waardeer. Dan weet jy wat God jou gemaak het. Dan ondersoek jy die Woord vir lig en leiding op die pad. Dan sê jy dit vir ander - ook vir jou eie volk wat neig om dood te gaan omdat hulle die Messias al meer verwerp. Die uitverkiesing is die baken uit hierdie krisis, vir kerk en volk, omdat dit jou dring om die verbond weer vas te hou. God kies. God hou vas. Laat dít jou identiteit bepaal. Dan sal jy weet om afgode te verag wat sê:

- ek en jy kies, of ons sal lewe en of ons sal sterwe;

- ek bind my aan wie ek wil, of ek los mense aan wie God my verbind het, net soos ek wil. Die verbond ken nie so iets soos vrye assosiasie en dis-assosiasie nie. Dit is ras-afgodiese selfsugterme.

Dordt of Ubuntu. Reg of verkeerd. Dit is God aanbid of afgod aanhang. Dit is uitverkiesing of selfhelp-teologie. Dit is verbond of losraking. Dit is vind of wegraking. Glo wat jy bely. Wees wat jy bely: vir jou en jou mense. Kom oor die krisis van jou identiteit.

ALAB

SKRIFOORDENKING

Ds PJ Venter, Dendron/Magalakwin

Die lag (in Kerstyd) rondom die verbond

Lees: Genesis 17:17; 18:12-15; 21:5, 6 (vergelyk ook Genesis 12 en 15)

Sou iets vir die Here te wonderbaar wees? (Genesis 18:14)

Ons mag in hierdie naderende Kerstyd weer besef dat die verbond wat die Here met Abraham gesluit het vandag nog waar en eg is. Ons moet dit as een van die grootste werklikhede in ons lewe beskou dat ons verbondskinders van die Here is. Niks moet ons groter vreugde verskaf nie as om te mag weet dat die Here vandag nog met hierdie één verbond, wat Hy met Abraham begin het, besig is! God is met my besig. God wat almagtig is, Hy wat soewerein is, het met Abraham hierdie verbondspad begin stap om sy roeping en verkiesing vas te maak. Die verbond maak vas, en gee die vaste gronde vir God en die mens dat wie ek ook al is, waarna ek ook al mag soek, wat my omstandighede ook al mag wees, in watter tyd en volk en land ek ook al mag bly, geen

verskil maak aan die vaste belofte en seëninge van die verbond wat met Abraham begin is nie. Hierdie belofte en seëninge staan nie alleen nie. Die belofte van God werk ook met die eise van God, en die seëninge van God kan ook te doen hê met die wraak van God.

Met hierdie uitgangspunt is niks vir die Here te wonderbaar nie. Dit wat die mens as buitengewoon mag beleef, is vir God nie buitengewoon nie. Die wonderbare verbond moet ons laat wonder hoekom die mense gelag het toe God sy verbond in werking gestel het. Is ek nog die bondeling wie se hart met vreugde opspring as die verbond ter sprake kom? Of is ek die mens wat lag, nie omdat ek bly is nie, maar omdat ek God uitlag want my omstandighede wil dan lyk of God belaglik kan wees, al sê ek dit nie?

Abraham lag

Die amper honderdjarige Abraham (Genesis 17:17) het in sy hart gelag omdat God se verbond sy verstand te bowe gaan. God maak

sy verbond steeds duideliker, selfs al word die omvang en betekenis van die verbond groter. Eers word die verbond in Genesis 12 met landsgrense geteken. Abraham moet uit sy land trek na die land wat God sal wys. Die verbond word vir Abraham as groot aangedui: 'En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees' (Genesis 12:2). Maar hoe groot is groot? God wil dit ook wys. Die volgende verbondshoofstuk in Abram se lewe (Genesis 15) kyk verby die land en mense. Sien die sterre in die hemelruim raak, sien die seestrand raak - nog groter sal die verbond se grense wees. Die verbond se grense is altyd groter as landsgrense. Dit is wonderlik. God maak dit wonderbaar. Abraham is die een met wie dit alles begin het, en met wie dit nog verder gevoer word. Die sterre of die sandkorreltjies op die seestrand word nie vandag afgetel en mōre is jou wiskunde klaar nie.

Waar eindig God se wiskunde? In dit wat so oneindig baie is, eindig God weer by een (Genesis 17)

- 'n seun, 'n enkele mens wat gebore moet word. Hoe werk dit? Abraham doen baie somme. Hy tel sy jare, amper honderd, sy vrou se jare, negentig. Hierdie getalle en hierdie jare maak dit eenvoudig onmoontlik om die verbond wiskundig te verstaan. Die lag in Abraham se hart, ná alles wat die verbond so groot gemaak het, is 'n vraende lag wat nie met die groot getalle worstel nie, maar hoe 'kan daar vir een wat honderd jaar oud is, 'n kind gebore word? Of kan Sara, wat negentig jaar oud is, baar?' (Genesis 17:17)

Abraham se lag lag God nie uit nie, maar is vraend, worstelend, selfs verward en verbaas omdat sy naam Abram na Abraham moes verander en sy vrou se nuwe naam, Sara. Hierdie naamsveranderinge is opsigself al skepping van God. God gee nie maar net nuwe name nie. Vir God is naamsverandering wesensverandering. Soos wat God hulle noem, so is hulle of moet hulle word, al is dit teen menslike logika in. Daar waar die logika ophou, daar begin Abraham in sy hart te lag, want die mens wil mos glo dat iets te goed kan wees om waar te wees. Dit is wat genade, genade maak. God se 'Abrahamitiese' genadeverbond is te goed om waar te wees. God se weg begin waar menseweë besig is om dood te loop of reeds doodgeloop het.

Hy wat oud is, Abraham, die vader van die gelowiges, staan nie alleen nie, en lag nie alleen na binne nie. Saam met hierdie gelag wat uit die geloof kom, 'n vreugdelag, lag 'n vrou - wel nie sy vrou nie, maar 'n jong vrou, Maria die moeder van Jesus. Hy wat oud is en tog vader kon word, sy wat nog so jonk was en tog moeder kon word, sou die vraag: Sou iets te wonderbaar vir God kon wees? op dieselfde wyse ontdek. Maria se vreugdelag het 'n lofsang geword (Lukas 1:46-56) nadat binne haar bloedverwant ook 'n lag plaasgevind het - die ongebore Johannes het binne sy ma Elisabet van blydschap beweeg. Hoe wonderlik die vreugde van hierdie vroue, ook na binne gerig waar alleen die verbond die aansluiting na buite kon maak, toe Abraham

ook na binne gelag het. Deur die wonderbare wonderdade van God word hulle ouers van wonderkinders. Albei hoor by wyse van goddelike aankondiging hoe dit sal wees wat hulle gedink het nie moontlik kan wees nie. Albei buig in aanbidding en lag omdat hulle God so wonderlik is.

Sara se lag

By die 'mooi' gelag hoor ons ook die gelag wat nie mooi is nie. Die gelag rondom die verbond wil-wil die verbond uitlag. Waar ons Maria se lofsang as lag in Abraham vind, het Sara se gelag (Genesis 18:12) in Kersfeestyd iets met die gelag van Sagaria te doen. Sy gelag moes gesluk word, omdat daar tot 'n bepaalde geen klank tyd uit sy mond gehoor mag word nie. 'n Omgekeerde gelag. Abraham, die vader wat in geloof sy hart verbly, se vrou lag nie saam nie. Sy luister af en dan lag sy. Nou kom Sagaria. Hy lag verkeerd. Sy vrou het wel die ware vreugde in haar oor 'n kind wat in 'n ander na vore sal moet kom.

Die kontoere na Bethlehem wat vanaf Abraham die einders van die verbond inkleur, het bo die gelag ook met dinge soos eet en drink en slaap te doen. Die verbond het altyd ook met hierdie gewone dinge te doen. Daar waar Abraham die hemelboodskappers ontvang, word daar op eg oosterse wyse hartlike gasvryheid betoon. Die beste kos moet vir hierdie mense voorgesit word. In die dae van die jong vrou Maria is die gasvryheid wat die verbond by Abraham gekenmerk het, skandalig afwesig. Watter skande kleef aan die mensdom om te moet besef dat toe God sy Seun na ons gestuur het, ons nie eers vir hom 'n behoorlike bed gehad het nie. In 'n krip, deel van 'n stal, het Hy sy eerste slaap moes slaap. Hierdie skande het in Sara al begin deurkom. Wanneer die geloof insink word die wonder belaglik gemaak. Sara wat ook moeder sou word van 'n wonderkind het in die moedersonde teruggeval. Sy wil haar daarvoor verkneukel hoe hulle as oumense weer hulle liefde jonk sal kan maak, soos jongmense in

hulle liefdeslaap dit kan doen, om 'n kindjie te verwek.

Wie is daar wat nie al saam met Sara gelag het nie? Sy het wel agter die tentklappe haar lag probeer verberg, soos wat die hart'klappe' ons manier is om ons lag weg te steek. Wanneer die teenstellings tussen die beloftes van God se verbond en die ingesteldheid van ons hart te ver van mekaar begin afwyk, dan gebeur die gelag wat nie moet gebeur nie. Dan word dinge betwyfel wat nooit bedoel was om betwyfel te mag word nie. Hierdie gelag sal alleen kan ophou en oorwin kan word as God se vraag na: 'Waarom het Sara daar gelag?' deur die geloof beantwoord kan word - om dit wat God as betroubaar belof het ook betroubaar te ag.

God lag

God se genade is so groot dat, al het Sara die verbond eintlik uitgelag, sy tog volgens die beloftes van die verbond 'n seun sal ontvang. Hierdie wonder was vir almal daar om te sien. Sara lag weer. Die lag in ongeloof het nou verander in die lag van opgewondenheid oor die rykdom van God se verbond en die beloftes wat hierdie verbond so heerlik in vervulling laat tree. Binne hierdie beloftes moet ons God sien, soos Hy gesien wil word, ook wanneer die psalms sing van 'u aangesig straal vrolikheid en lig' (Psalm 21:4; 97:7 berymd).

By die laaste gelag ontvang hierdie seun nie net die besnydenis, die verbondsteken nie, maar ook 'n besondere naam, naamlik Isak. Isak beteken: hy wat lag, of hy wat rede gee om te lag. 'n Beter naam sou daar nie kon wees nie. Aan die een kant sou daar hulle wees wat vra waarom hy Isak genoem is. Dan sou hy maar net moes antwoord: omdat my ma gelag het toe God ernstig was - 'n ma wat 'n wonder wou 'ont'wonder en belaglik wou maak.

Aan die ander kant verkondig dieselfde naam die wondermag van Hom wat in staat is om dit wat onpersoonlik is persoonlik te maak, dit wat dood is word lewend, 'n onvrugbare word vrugbaar, en Sara kan saamlag waar Abraham

ook gelag het. Hierdie seun, die wonderkind wat deur die verbond kan heenwys na die nog groter Wonderkind, die Kind van Bethlehem rondom Wie die gelag nog steeds bestaan. Steeds is die gelag verskillend. Daar is dié wat lag omdat hulle Hom bespot. Wie

egter rondom die verbond werklik besef wat God vir ons gedoen het, lag uit dankbaarheid en vreugde. In hierdie tyd, waarin mense met hulle onnodige geskenke hulle lag wil koop, mag die verbondskind weet: ek is reeds uitgekoop, ek hoef niks meer te koop nie. Die lag

waar u Gods vriendelike aangesig wil sien, straal vrolikheid en lig wat die kersliggies van kersfees eintlik belaglik maak. God gee in die betekenis van die verbond met Abraham vir die mens die ware redes om te mag lag.

OP DIE KERKERF

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Sinode 2006 en Handeling 15

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal, so die Here wil, vanaf 4 Januarie 2006 in 'n nasionale sinode te Potchefstroom byeenkom. Van oral oor die land, en ook vanuit Namibië, kom afgevaardigdes van kerke bymekaar om te vergader. Alles wat die sinode gaan doen en hoe hulle dit doen, moet op die skaal van die Skrif gewee word.

In Handeling 15 vind ons enkele direkte aanwysings en beginsels van hoe die Here wil hê dat sy kerke in sy Naam sal vergader. Grondliggend aan die byeenkoms waarvan Handeling 15 melding maak, is die band waarmee die Here sy kerke op aarde aan mekaar bind.

Die wonder van kerkverband

In die hoofstukke wat aan Handeling 15 voorafgaan, word vertel hoe Paulus se eerste sendingreis verloop het. Die Heilige Gees het Paulus en Barnabas afgesonder om oral in Klein-Asië die evangelie van Jesus Christus te gaan verkondig. Johannes-Markus het as helper saam met hulle gereis. Die plek vanwaar Paulus en Barnabas vertrek, is die plaaslike kerk in Antiochië. Antiochië is die sendende kerk. Van Antiochië af het Paulus en Barnabas na die eiland Ciprus gereis. Daar het hulle in Salamis en in Pafos die evangelie verkondig. In Pafos was

die goewerneur diep onder die indruk van die leer van die Here Jesus Christus. Hy het gelowig geword. Vanaf Pafos is hulle na Perge in Pamfilië, die hedendaagse Turkye. Daar het Johannes-Markus hulle verlaat, waarvoor Paulus baie ongelukkig gevoel het (Handeling 15:38). Paulus en Barnabas het alleen na Antiochië in Pisidië verder gereis. Op die sabbatdag het hulle daar in die sinagoge gepreek. Toe ook die heidene op die volgende sabbat die Woord met blydschap aanneem, is Paulus en Barnabas uit die streek verdryf. In Ikonium het sake net so verloop. Paulus en Barnabas is na Listre en Derbe toe. In Listre het hulle 'n kreupel genees. Die inwoners wou hulle as gode vereer. Kort daarna word die heidene deur die vyandigesinde Jode omgepraat. Paulus word gestenig, hy was amper dood. Van Derbe af is hulle na Pamfilië en Attalië toe. Van Attalië af het hulle met die skip teruggegaan na Antiochië in Sirië, terug na die tuisgemeente.

Oral waar hulle die evangelie van verlossing gepreek het, het God gesorg dat mense tot geloof kom. Op elke plek word daar gemeentes gestig en ouderlinge gekies wat in die gemeentes kon dien. Nieteenstaande baie moeilike omstandighede, baie vyandigheid en swaarkry, vestig die kerk van Jesus

Christus op baie dorpe in die destyds bekende wêreld. So sorg die Here dat sy kerk op aarde toeneem en vermeerder.

Die toename in die getal kerke is egter nie die enigste wonder nie. In die loop van die boek Handeling wys die Here op 'n ander wonder wat hiermee saamgaan. Dit is dat die kerke wat op die verskillende afsonderlike plekke gestig word, in eenheid saamgesnoer word. Antiochië in Sirië is een met Jerusalem in Judea. Net so is die kerke op die eiland Ciprus in eenheid verbind met die kerke op die vasteland van Klein-Asië. Oor die grense van provinsies en landstrecke heen strek die een kerk van Jesus Christus wat op talle klein dorpies en in groot wêreldstede gevestig is.

Dié eenheid bestaan op grond van geloof. Die gelowiges in Jerusalem en Antiochië en Ikonium en Salamis het almal een God en Vader: die Vader in Jesus Christus, onse Here. Hulle is almal gedoop met een en dieselfde doop: die doop tot vergifnis van sondes om Christus wil. In hulle almal leef en werk een Gees: die Gees wat die wedergeboorte skenk, wat die geloof werk, wat tot daaglikse bekering vernuwe. Dit is 'n wonder. Mense wat mekaar nie ken nie, is tog bekend vir mekaar - in die Here. Mense wat in verskillende

lande woon, verskillende kulture beoefen, verskillende tale praat, praat ten diepste tog een taal - in geloof. In sy alwysheid bind die Here die verskillende plaaslike kerke onskeibaar aan mekaar. Hulle vorm saam een verbond van kerke.

Vir hierdie kerkverbond geld presies dieselfde as vir die huweliksverbond: wat God saamvoeg, mag geen mens skei nie. Die kerkverband is nie iets wat net op papier bestaan nie - dit is iets wat beleef moet word. Die kerke in die dae van Paulus hét dit met die daad beleef. Daarop word die aandag in die eerste vers van Handeling 15 gevestig. 'Sommige mense wat afgekem het vanaf Judea, het die broeders in die kerk van Antiochië kom onderrig'. Die kansel van Antiochië is oop vir predikers van die kerk in Jerusalem. Dit is praktiese beleving van kerkverband. Gelowiges hou hulle geloofskennis nie vir hulleself nie; daar word wyd en syd gepraat. Kerke staan mekaar in alle opsigte by, ook wat praktiese sake betref. As daar in 'n gemeente om een of ander rede groot droefheid en kommer heers, word daar in die kerkverband eendragtig voorbidding gedoen. As daar finansiële nood in 'n bepaalde kerk ontstaan, spring die verband van kerke in om die nood te help verlig. Die geloofseenheid wat in elke plaaslike kerk onderling beleef word, moet ook tussen kerke onder mekaar uitgeleef word.

Iets daarvan beleef die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wanneer die nasionale sinode in Potchefstroom vergader. Iets daarvan word ook beleef as Gereformeerde Kerke onderling ruildienste reël, as daar gesamentlike eredienste gehou word, as daar hand bygesit word met die Woordverkondiging op die sendingveld, as ampsdraers uitgestuur word na kerke in Zimbabwe, Zambië, Botswana en Malawi (en talle ander Afrika-lande) om te help met die bediening van Woord en sakramente. Kerkverband word beleef as plaaslike kerke ramings oorbetaal wat ten behoeve van die kerkverband aangewend word. Dit word beleef as die klassis visitatore stuur om te kom kyk hoe

dit met die plaaslike gemeente gaan, as sustersorganisasies predikante en ander sprekers uit buurgemeentes oornooi om hulle oor belangrike onderwerpe te kom toespreek. Binne die kerkverband word daar gegee én ontvang. Ontvang én gegee. Broeders en susters bou mekaar op in die allerkosbaarste geloof.

Stryd in die kerkverband

Die werklikheid is dat die geloofseenheid vanweë ons gebroke bestaan voortdurend in die spervuur is. Dit word uit die vervolg van Handeling 15 duidelik. Die feit dat daar predikers uit Jerusalem kom wat in preek, is wonderlik. Maar dit wat hulle preek, is glad nie so wonderlik nie. 'As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie'. 'n Tipies Fariseïstiese preek - op die kansel van die kerk van Jesus Christus in Antiochië. Die besoekende leraars uit Jerusalem verkondig 'n dwaalleer, asof Jesus se kruisdood alleen nie genoeg is om die mens se redding te bewerk nie. Hulle sny aan die hart van die evangelie.

Vir die gemeente in Antiochië was die lering van die besoekende predikers 'n ontstellende ervaring. Alles wat hulle tevore van Paulus en Barnabas oor die verlossing in Christus geleer het, word deurmekaar gekrap. Die vaste fondament waarop hulle hul geloof bou en vestig, word skielik bevraagteken. En dit deur broeders van dieselfde geloofsfamilie - broeders uit Jerusalem, waar die eerste gemeente gestig is. Satan kry dit reg om binne die kerkverbond 'n reusagtige slag te slaan. Die vertrou wat daar tussen gelowiges onder mekaar en tussen kerke in een kerkverband moet bestaan, kan ernstig geskaad word.

Dit is nie vreemd dat daar geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Barnabas teen die besoekende predikers ontstaan het nie. Die suiwer leer wat Paulus en Barnabas onder die leiding van die Heilige Gees tydens hulle eerste sendingreis verkondig het, word aangetas. Dit is geen kleinigheid

nie. As sulke dwaalleer aanvaar word, hou die kerk op om kerk te wees. En as die verkondigers van sulke dwaalleer nie insien en erken dat hulle dwaal nie, kan dit moontlik tot 'n breuk in die kerkverband lei. Twee kerke wat op twee verskillende fundamente staan, maak saam geen verband nie. Eenheid rus in waarheid. Buite die waarheid is daar geen eenheid nie, maar verskeurdheid.

Stryd en onrus binne die kerkverband was reeds daar binne die eerste jaar na Christus se hemelvaart. Dit gaan onverpoosd voort. Dit beleef ons vandag, waar talle die kerk van die Here met talle nuwighede gekonfronteer word. Daardie nuwighede val nie sommerso uit die lug nie. Daar is 'n rede waarom daar ook binne die Gereformeerde kerkverband gedurig gepraat word oor die verkiesing van die vrou tot die besondere ampte (by die komende sinode in besonder die toelating van die vrou tot die ouderling- en predikantsamp). Daar sit 'n gedagtestroom onder die strewe om die nagmaalbeker met kelkies te vervang en die nagmaaltafel uit te rangeer. Die Woord van die Here het nie verander nie; mense se beskouing van die Woord en hantering van die Woord wel. Die skerp punt waarheen die meeste geloofs- en kerklike vraagstukke in ons dae terugverwys kan word, is die eenvoudige buig voor Gods Woord. Wil ons ons omstandighede volgens die Skrif inrig, of wil ons die Skrif by ons omstandighede inpas? Dié dinge skeep spanning en veroorsaak stryd.

Die vraag is: wat maak ons met hierdie stryd? Party sê: kom ons los al hierdie dinge, kom ons bewaar vrede deur mekaar in liefde te verdra. Wees buigzaam, laat elke kerk vir homself uitmaak wat goed en reg is. So kon Paulus en Barnabas ook 'n konfrontasie in Antiochië voorkom het, deur maar net stil te bly oor die besnydenis-preek. Maar dit getuig nie van gehoorsaamheid aan God nie.

Maar nou kan daar ook presies teenoorgesteld gereageer word. Die lidmate van Antiochië kon die

predikers van Jerusalem summier in hulle harte en gedagtes afskryf. Die gevaar het bestaan dat hulle die kerkverband onmiddellik sou breek deur sonder enige verdere gesprekvoering die predikers van Jerusalem huis toe te stuur en nooit weer in hulle midde te ontvang nie. Tot sulke optrede hits die duiwel 'n gelowige graag aan. Van 'n verskilpunt wil Satan so gou as moontlik 'n breekpunt maak.

Dit is opmerklik hoe die gemeente in Antiochië, gelei deur die Heilige Gees, die stryd aangesê en uitgesorteer het. Hulle het nie geswyg oor die probleme in die kerklike lewe nie. Hulle het ook nie summier die bande gebreek nie. Hulle volg die pad wat die Here van ons almal verwag om te loop: die pad van opregte en reguit gesprekvoering.

Krag van kerkverband

Die heftige woordewisseling in Antiochië oor die besnydenis-preek het klaarblyklik nie tot 'n punt gekom nie. Toe besluit die gemeente om Paulus en Barnabas saam met nog 'n paar ander af te vaardig na die apostels en ouderlinge in Jerusalem. Die bedoeling is duidelik. Die ampsdraers van Antiochië moet saam met die ampsdraers van Jerusalem oor die vraagstuk besin. Hulle moet in die lig van God se Woord saam tot 'n antwoord op die vraagstuk kom. Per slot van sake is dit nie net die kerk van Antiochië wat deur hierdie saak geraak word nie. Dit is van wesenlike belang dat al die kerke in die destydse kerkverband eenstemmigheid oor die besnydenis sal hê. Daar mag in die kerkverband geen verskil van mening of verskil in

praktyk oor die toepassing van die wet van Moses bestaan nie.

Terwyl die afvaardiging van Antiochië op pad is na Jerusalem, het hulle deur Fenisië en Samaria gereis. Oral waar hulle Christen-gelowiges raakloop, vertel hulle van die groot dinge wat die Here onder die heidene doen. Opvallend: hulle gesprekke word nie deur die strydpunt rondom die besnydenis oorheers nie - wel oor die Here wat heidene tot bekering bring. Dit is 'n saak wat aan al die broeders groot blydschap verskaf. So word die gemeenskap van heiliges tussen kerke gebou: as daar met mekaar gepraat word oor die groot dade van die Here. Dit is nie goed as daar altyd net oor die probleme gepraat word nie - selfs nie in 'n kerkraad nie. Tydens meerdere vergaderinge moet daar oor meer gepraat word as net dalende lidmaattalle en stygende ramings. Natuurlik moet die probleme in die oë gekyk en aangespreek word. Maar daar mag dit nie stop nie. Die geloof word gestig en gebou as ons vir mekaar kan vertel wat God in sy almag doen, as ons mekaar se aandag kan vestig op die Here wat die werk van sy hande nie laat vaar nie.

So kom die ampsdraers van Antiochië in Jerusalem: die harte vol van God se werke. In dié gees word hulle daar ontvang. Die hele gemeente wag hulle in. Die ampsdraers van Jerusalem staan gereed om die ampsdraers van Antiochië amptelik te ontmoet. Die twee susterskerke van die een kerkverband erken mekaar se ampsdraers en ag mekaar hoog in die Here.

En dan? As die ampsdraers van die twee kerke mekaar ontmoet, val

Paulus en Barnabas onmiddellik weg deur hulle brandende geskilpunt voor te lê? Nee! Soos wat hulle al die tyd gedoen het terwyl hulle op reis was, so doen hulle ook nou. Voordat daar 'n woord oor verskille gerep word, word daar verslag gelewer van al die dinge wat God met hulle gedoen het. Daar word 'n gesamentlike mosie van vertroue in God uitgespreek. Dan word die vraagstuk op die tafel geplaas.

Dit is die krag van die verband waarmee die Here sy kerke op aarde aan mekaar verbind. Satan wil met mag en mening strydpunte tot verdelingspunte verhef. Hy jaag gemoedere op sodat gelowiges van een kerk en een kerkverband mekaar langs die pad verloor. Hy doen dit deur die swartekrag op die verskilpunt te plaas.

Maar die Here draai sake om. In sy kerk bind ons mekaar allereers aan Hom. Ons verklaar openlik dat ons Hom liefhet en wil dien soos Hy in sy Woord van ons vra. Ons bind mekaar aan ons gesamentlike belydenis en kerkorde - aan ons vaste afspraak. Op daardie basis kan ons met mekaar verder praat, selfs oor die sensitiefste sake. Want op daardie basis behoort gelowiges mekaar altyd te vind.

In dié gees moet die sake wat deur die nasionale sinode hanteer word deur die breë kerkpubliek gevolg word. By die sinode sien ons die wonder van kerkverband, die stryd binne kerkverband en die krag van kerkverband in een. Bid daarvoor dat hulle wat afgevaardig is, vervul sal wees met ontsag vir die Here en sy Woord. Dan sal daar besluite geneem word wat tot eer van God, tot welsyn van die kerkverband en tot groei van die geloof sal dien.

**Die Bestuur en Redaksie van
Waarheid & Dwaling wens al ons lesers
'n geseënde rustyd toe.**

**Ons bede is dat die Here u in hierdie tyd sal bewaar
en versterk om u taak en roeping
in die nuwe jaar weer met ywer aan te pak.**

Nasionale Sinode 2006

Dit is bekend dat daar tans bepaalde meningsverskille en ook spanning in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) bestaan. Na aanleiding hiervan en met die oog op die komende Nasionale Sinode in Januarie 2006 is tussen die redaksies van Die Kerkblad en Waarheid en Dwaling ooreengekom om 'n gesamentlike artikel in beide tydskrifte te publiseer waardeur die kerk van die Here in hierdie tyd gedien kan word.

1. In die Gereformeerde tradisie waarin ons staan is dit deurslaggewend dat voor alles geluister sal word na en gehoorsaamheid betoon sal word aan die God van die Woord en so aan die Woord van God. Dit is daarom ons bede dat sinodegangers hulle in alle sake primêr sal laat lei deur die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament (NGB, artikel 7). Daar bestaan by ons geen twyfel oor die gesag en betroubaarheid van die Skrif nie, wat vir ons dien as bron en norm vir die kerk, die teologie en die christelike lewe. Die hoofinhoud van die Skrif vind uitdrukking in die bekende drie ekumeniese en drie Gereformeerde belydenisskrifte wat ons onderskryf.

So belangrik as wat die aanvaarding van die gesag van die Skrif vir ons is, so belangrik is ook die juiste verklaring daarvan, onder leiding van die Gees van die Here en volgens die verantwoorde verstaansreëls wat hier van toepassing is.

2. Dit is belangrik dat daar in die sinode ook met 'n oop gemoed en in vertroue na mekaar geluister sal word, dat ons mekaar se standpunte werklik ernstig sal opneem en dat persoonlike aanvalle vermy en saaklik gedebatteer sal word. Dit is in die sáám worsteling met mekaar dat ons begryp hoe

wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek (Efesiërs 3:18).

3. Vir 'n vrugbare sinode is dit belangrik dat almal met mekaar sal omgaan in die gesindheid wat daar in Christus Jesus was (Filippense 2:5), dit wil sê 'n gesindheid waar die een die ander hoër ag as homself. 'n Hoogmoedige houding pas nie by 'n sinode waarvan Christus die Hoof is en waar sy evangelie van genade die deurslag gee nie.
4. Dit is baie belangrik dat sinodegangers die gawe van onderskeiding sal aanwend, sodat hulle die dinge waarop dit werklik aankom sal onderskei (Romeine 2:18; Filippense 1:10). Dit is so dat in die kerk van die Here elke saak sy eie plek en betekenis het, maar dit is ook so dat daar volgens ons Kerkorde 'middelmattige sake' is waaroor kerke mekaar nie behoort te veroordeel nie. Artikel 85 geld veral vir die verhouding van die GKSA tot buitelandse Gereformeerde kerke, maar dieselfde beginsel geld ook vir binnelandse verhoudings tussen Gereformeerde gemeentes. Dit is belangrik dat 'n sinode nie fundamentele sake as middelmattig sal beskou nie en ook nie middelmattige sake as van fundamentele belang nie.
5. Dit is belangrik dat sinodegangers altyd voor oë sal hou dat besluite sal dien tot geloofsopbou van die kinders van die Here, tot welsyn van die kerk, tot uitbreiding van die koninkryk en tot eer van die Here. Besluite wat in hierdie opsigte faal, is nie goeie besluite nie.
6. Sinodebesluite moet die waarheid van die evangelie dien, die onderlinge eenheid

tussen gemeentes bevorder en in 'n gesindheid van wedersydse liefde vir mekaar geneem word. Terwyl ons erken dat die waarheid van die evangelie van Jesus Christus ononderhandelbaar is, is dit ook waar dat altyd daarna gestreef sal word om 'in liefde by die waarheid te bly' (Efesiërs 4:15). Liefde is immers die uitnemendste gawe van God (1 Korintiërs 13:13) en die uitstaande kenmerk van 'n kind van God (1 Johannes 4:19-21).

7. Dit is van bepalende betekenis dat alle afgevaardigdes na die sinode – asook die hele kerkverband – die seën van die Here sal afbid op die gang van die sinode asook die besluite wat daar geneem sal word. As die Here die sinode nie seën nie, is alle besluite tevergeefs; as die seën van die Here daarop rus, sal dit vrug dra tot eer van sy Naam, tot welsyn van sy kerk en tot uitbreiding van sy koninkryk (Psalm 127).

Botswana Sendinggroep in aksie

Die Botswana Sendinggroep (BSG) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) bedryf 'n opwindende sendingaksie waar daar nuut gedink word oor praktiese sendingbetrokkenheid. Die doel van die BSG is om op grondvlak aan elke lewende lidmaat die geleentheid te bied om by koninkrykswerk betrokke te raak.

Die dae dat 'n Gereformeerde gemeente op sy eie 'n omvattende sendingaksie kon loods, raak stadigaan iets van die verlede. Die finansiële en logistieke verantwoordelikhede op so 'n gemeente maak dit feitlik onmoontlik om op 'n georganiseerde wyse oor 'n lang tydperk die mas op te kom. Hierdie toedrag van sake noop ons om nuut te dink oor praktiese sendingwerk.

Die behoefte aan Gereformeerde sendingwerk onder die Boesmans in Botswana het onder die aandag van die Afrika-lessenaar van die Sinodale Deputate vir Ekumeniese Sake van die GKSA gekom. Nadat die saak deeglik ondersoek is, het die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nylstroom aangebied om as koördinerende gemeente op te tree in 'n omvattende sendingaksie wat hierdie uitdaging in Botswana kan aanspreek.

Die BSG van die GKSA is in die lewe geroep en verskeie gemeentes is genader om aan te sluit en fisies by hierdie poging betrokke te raak. 'n Samewerkingsooreenkoms is opgestel en gemeentes wat by die BSG betrokke is, onderteken die akte van samewerking.

Daar is drie verskillende wyses waarop daar by die BSG ingeskakel kan word.

- Eerstens kan 'n gemeente deur die kerkraad inskakel.

- Tweedens kan 'n gemeente sy eie plaaslike BSG stig waardeur lidmate in so 'n gemeente betrek word. Die plaaslike BSG sluit dan onder leiding van sy eie bestuur by die BSG aan.

- Derdens kan individuele lidmate ook inskakel waar daar nie 'n plaaslike BSG bestaan nie.

Die klem van die sendingstrategie van die BSG val op persoonlike betrokkenheid van elke belangstellende lidmaat. Verskillende mense beskik oor verskillende gawes en vermoëns, wat in 'n groter beplanningsraamwerk aangewend word. Hierdie is nie bloot 'tjekboek-sending' nie.

Periodieke besoeke aan die sendingveld maak voorsiening daarvoor dat lede kan saamgaan en op grondvlak hulleself kan uitleef op 'n terrein van hulle keuse. Dit is dus nie noodsaaklik dat iemand 'n goeie spreker of 'n teologiese agtergrond hoef te hê nie, aangesien die voltydse sendeling, ds Hendrik du Plessis, grootliks dié rol vervul. Ds du Plessis is 'n begaafde sendeling wat reeds die Boesmandialek kan praat. Juis daarom wil die BSG ds Du Plessis vanuit die GKSA bystaan.

Die BSG beplan op lang termyn die ontwikkeling van 'n toegeruste gastehuis op D'Kar. Gemeentelede betrokke by die BSG sal later daar kan tuisgaan en geriewe stelselmatig ontwikkel om toeriste te trakteer op die groot D'Kar-plaas wat aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk D'Kar behoort. Die ontwikkeling van die plaas het ten doel om die gemeente van D'Kar na selfversorging en selfonderhouding te lei.

Lidmate in die BSG se rol lê juis grootliks by die ontwikkeling van die gastebedryf op D'Kar asook opleiding aan die lidmate van

D'Kar rondom selfversorging en bestuur van hulle eie toeristebedryf. Praktiese sendingwerk en opleiding sal ook aandag kry.

Verskeie lidmate wat die nuwe sendingbeginsel verstaan is opgewonde oor die nuwe moontlikhede wat die praktiese betrokkenheid in die sendingveld kan inhou. Gemeentes, lidmate of individue wat by die BSG betrokke wil raak kan die volgende kontaknommers gebruik: die voorsitter van die BSG is ouderling Hoffie Hoffmann, e-pos: hoffie@telkomsa.net of ds Christo Swanepoel, tel (014) 717 3793 of sel 083 263 7641; e-pos: swanepoel@esnet.co.za

Gereformeerde skoolonderwys

FILOSOFIESE UITGANGSPUNTE

Gereformeerde skoolonderwys se filosofiese uitgangspunte lê veranker in die Skrif, wat die Goddelik geïnspireerde Woord van God is. Die vertrekpunt waaruit Gereformeerde opvoedkundiges die verskynsel onderwys bestudeer bestaan uit drie kernfasette, naamlik die Godbeskouing, die mensbeeld en die opvoeding-doel.

Godbeskouing

God is een ewige lewende Wese wat in drie Persone bestaan naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hy is die Skepper van die ganse kosmos en het deur sy Woord alles tot aanskyn geroep. Hy hou die hele geskape werklikheid in stand en regeer dit deur sy almag. God is outonoom en soewerein en is aan niemand enige verantwoording verskuldig nie. God het reeds in die begin 'n liefdesverhouding met die mens aangegaan en sy beloftes en verbondseis teenoor die mens verwoord. God vra liefdevolle gehoorsaamheid.

Alhoewel die mens God se liefde verwerp en die Satan gevolg het, het God verlossing uit die greep van die duiwel en die dood belowe. Die hele Ou Testament spreek van die Christus wat sou kom. God het sy eie Seun gestuur om sy regverdige toorn oor die sonde te dra. Jesus Christus was volmaak gehoorsaam aan God se verbondseis en het die dood oorwin. Omdat Christus die straf gedra het, sal elkeen wat in Hom glo nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe hê. Deur die krag van sy Heilige Gees wil Hy nou reeds die nuwe lewe in sy gelowige kinders werk.

Mensbeeld

Die mens is deur God na sy

ewebeeld geskape. Dit beteken dat die mens geskape is met 'n bepaalde taak. Om die opdrag na behore uit te voer, het God bepaalde gawes aan die mens gegee. Die mens is geroepe om te vermeerder en die aarde te vul en oor God se skepping te heers. In al sy handeling moet die mens God eer. God is die middelpunt van die mens se lewe.

Aangesien die mens vrywillig daarvoor gekies het om die Satan te dien, het die mens die dood verwerf en daarom is die ganse nageslag van Adam totaal verdorwe. Elke kind wat gebore word is van nature dood en geneig tot alle kwaad. Uit homself haat die mens God en sy naaste. Daar het geen enkele goed in die mens oorgebly waarop hy hom teenoor God kan beroem nie.

God het die verdorwe mens opgesoek, weer 'n liefdesverbond met die mens gesluit en genadige verlossing belowe. Jesus Christus het vir al sy kinders met sy bloed betaal en daarom wil God hulle van alle skuld vryspreek. God werk kragtig met sy Heilige Gees in sy kinders om hulle tot sy beeld te vernuwe. Solank as wat die mens op hierdie aarde lewe, sal die heiligmaking nie volkome wees nie, maar in die weg van heiligmaking beloof God aan sy kinders die ewige volmaakte lewe.

God rig sy genadeverbond op met die kinders van gelowige ouers. God wil die kinders wat van nature dood en verdorwe is, tot sy kinders aanneem. Hy verbind sy Naam aan hulle en gee die kinders daardeur 'n nuwe status. Hulle behoort nou tot die adelstand omdat hulle kinders van God, die Koning is. Dit verander niks aan die wese van die kinders nie, hulle bly sondaars, maar in Jesus Christus is hulle geheilig. Hy gee vir hulle sy ryke beloftes van sorg, verlossing en heiligmaking.

Elke kind is 'n unieke skepsel van God wat oor eie besondere eienskappe beskik. Die verbondskind is geregtig op opvoeding waardeur hy moet leer Wie sy Vader is, wat sy doop beteken en om in alles tot eer van God te lewe.

Opvoeding-doel

Gereformeerde skoolonderwys is geloofsopvoeding. Die opvoeding vind nie slegs in die Bybelklas plaas nie, maar vind ook in Wiskunde, Aardrykskunde en Tegnologie plaas. Opvoeding geskied immers aan die hand van leerinhoude. Leerinhoude as sulks is nie die belangrikste nie. Die Gereformeerde skool soek na identiteitsgebonde leerinhoude waardeur die kind se waardestelsel en norme gevorm kan word. Die verbondskind moet leer om tussen goed en kwaad sowel as tussen waarheid en leuen te onderskei. Die kind moet leer om die Here op alle lewensterreine te dien!

Elke kind is uniek en is deur God begenadig met eie talente en gawes. Akademiese prestasie is nie die belangrikste doel van Gereformeerde onderwys nie. Die kind moet geleer word om met dié gawes wat hy van God ontvang het, die Here te dien. Hy moet geleer word om eendag as 'n sout in die samelewing te kan optree en om sy kultuurtaak gehoorsaam te vervul.

Die Gereformeerde gedoopte kind is van nature niks beter as die ongedoopte ongelowige nie. Daarom sal die opvoeder bewus moet bly van die feit dat ook die verbondskind geneig is tot alle kwaad. Omdat hulle God se kinders is, moet die onderwyser die prinse en prinsesse leer hoe om volgens hul nuwe status te lewe.

Die uitkoms

Die doel van Gereformeerde onderwys is nie gelyk aan die uitkoms daarvan nie. Die uitkoms lê immers slegs in die hande van God, wat die geloof werk. Gereformeerde opvoeders kan die saad saai, maar God moet groei gee. Hierdie wete maak Gereformeerde opvoeders beskeie.

Die wese

Die wese van gereformeerde onderwys is diensbaarheid. Gereformeerde onderwys is diensbaar aan God, die ouers, die kerk, die kind en die samelewing.

God

Gereformeerde onderwys wil kinders opvoed tot eer van God sodat die Here op alle terreine van die lewe die eer ontvang wat Hom toekom. Dit wil kinders leer om soos Koningskinders, tot eer van die Vader te lewe.

Ouers

Die ouers het by die doop van die kind beloof om die kind op te voed ooreenkomstig dit wat in die Skrif staan, sodat hy sy doop kan leer verstaan. As lede van een liggaam is alle lidmate van die gemeente nou ook mede-verantwoordelik vir die geloofsopvoeding van die kind. In die besonder het die lidmate wat professionele opvoeders is en werksaam is aan die Gereformeerde skool in dié opsig 'n belangrike taak. Gereformeerde skoolonderwys wil verbondsouers bystaan in die moeilike taak. Die skool bied hulp aan ouers in die bewapening van die kind, sodat hy staande kan bly te midde van al die aanvegtinge en aanslae.

Kerk

Die kerk het 'n taak ten aansien van die opvoeding van die verbondskinders. Ampsdraers gee gehoor daaraan in die vorm van byvoorbeeld prediking, huisbesoek en katkisasieklasse. Die Gereformeerde skool is 'n

hulpmiddel vir die kerk sodat die Skrifwaarhede by die kinders ingeskerp kan word en hulle weet wat dit beteken om hulle doop met 'n JA te beantwoord.

Kind

Die Gereformeerde skool wil die kind help om hom te leer hoe om met sy eie unieke gawes tot eer van God te lewe. Die skool wil die kind bewapen met kennis uit die Woord van God. Die skool wil die kind leer dat God op alle lewensterreine gedien moet word. Die skool wil - as verlengstuk van die ouerhuis en kerk - meehelp om die kind se waardestelsel en norme ooreenkomstig die Skrif te vorm.

Samelewing

Gereformeerde skoolonderwys wil diensbaar wees aan die samelewing deur die vorming van kinders tot mense wat hul kultuurtaak in pligsgetrouheid en hardwerkendheid uitoefen. Verder wil die skool die kinders vorm sodat hulle as 'n sout in die samelewing kan funksioneer en as 'n helder lig in die donker wêreld kan skyn.

Die onderwys

Gereformeerde onderwys is geloofsopvoeding deur gelowiges wat werklik erns maak met God en sy diens. Dit is belangrik dat elke laerskoolonderwyser homself bekwaam sodat hy die daaglikse Bybelonderrigles vir sy eie klas kan aanbied.

Bybelonderrig vind plaas deur vertelling. Die groot dade van die Here moet op so 'n wyse aan die kinders vertel word dat hulle dit as't ware 'sien' gebeur. God gebruik self ook dié metode in sy Woord. Deur die vertel-metode word nie slegs die geskiedenis by die kinders ingeskerp nie, maar veral ook die norme waarvolgens die Here wil hê dat ons moet lewe.

Die Gereformeerde skool maak verder gebruik van die viering van christelike feesdae waartydens die liturgie en die kinders se deelname daaraan die heilsfeite onderstreep.

Bybeltekste en Psalmverse wat weekliks aangeleer word, gee die kind meer kennis van Vader in die hemel en liefde vir sy Woord. Die Psalms wat gesing word, graveer die woorde in die kinders se gees. Gesamentlike gebede in die skool gee die kind nie slegs die gevoel van afhanklikheid van God die Vader nie, maar is ook saambindend vir die gemeenskap van jong heiliges.

Die onderwysers

Gereformeerde onderwysers is gelowiges in murg en been. Hulle bekwaam hulself voortdurend deur Bybelstudie en maak gereeld 'n studie van die Gereformeerde onderwys-visie.

Gereformeerde opvoeders erken God as die eintlike Opvoeder en beskou hulself as verteenwoordigers van God. Hulle sien hulself ook as leerlinge wat voortdurend wysheid uit die Skrif moet leer. Hulle besef dat hulle 'n identifikasie-model vir die kinders is en dus altyd ooreenkomstig God se goeie wette moet optree.

Die Gereformeerde skool het 'n bepaalde visie ten aansien van die kind. Die skool beskou die kind as 'n sondaar wat 'n nuwe status ontvang het en gelei moet word om volgens die adelstand te lewe. Dit sien die kind as unieke persoon wat oor 'n stel Godgegewe talente beskik.

In sy optrede is die Gereformeerde onderwyser altyd liefdevol. Daar heers 'n atmosfeer van veiligheid en geborgenheid in sy klas sodat die kind gevorm kan word. Hy beskou homself as 'n dienaar van God, die ouers, die kerk, die kind en die samelewing.

Die Gereformeerde onderwyser is bekwaam in sy vak. Hy is op hoogte van sake van die nuutste ontwikkeling en integreer dit in sy lesse. Hy beskou akademiese prestasie nie as die hoogste onderwysdoel nie, maar stimuleer die kinders in hulle denke. Hy maak hulle nuuskierig om meer van die skepping van God te wete te kom. Hy leer hulle om die werklikheid normatief te beoordeel.

Die skool

Die Gereformeerde skool het 'n 'oop' houding ten opsigte van die kinders, maar ook ten opsigte van die ouers wat die eerste verantwoordelikheid vir die opvoeding dra. Dit hou gereeld oueraande, lig die ouers in oor die gedrag en vordering van die kinders en stimuleer die ouers tot aktiewe deelname. Dit luister vir ouers wat insette wil lewer omdat ouers en onderwysers bondgenote is. Die skool wys die ouers op hulle taak ten aansien van bepaalde sake soos seksuele voorligting en bespreek onderwerpe soos vriendskappe, taalgebruik en gesag tydens spesiale oueraande.

Die skool betrek die gemeentelede ook bewustelik en vra vir hul gebede sodat dit as 'n muur van gebed vir die skool kan dien. Dit betrek die gemeente(s) by die onderwysgebeure en gee op sy beurt weer aandag aan gebeure in die gemeente. Behalwe dat gemeentelede ook lede van die skoolvereniging is en daarom maandeliks 'n geldelike bydrae gee, kan daar ook met spesiale geleenthede deur die skool aandag aan dié lede gegee word deur middel van byvoorbeeld kaartjies of 'n kort besoekie waar kinders vir diesulkes kan sing.

Die Gereformeerde skool het oop vensters sodat ouers en gemeentelede kan sien wat aangaan. Dit is ook belangrik dat die skool oop vensters na buite het sodat sake buite die skool ook aandag kan geniet.

'n Gereformeerde skool leer die verbondskinders dat hulle 'n taak in die samelewing het. Die gedagte kan tuisgebring word en aangemoedig word deur byvoorbeeld besoeke aan naburige ouetehuse, hospitale en spesiale inrigtings.

Die metode

Bybelse waarhede moet by die kind ingeskerp word. Dit vind eerstens plaas deur Bybelvertelling en memorisering van bepaalde Psalmverse en kerntekste. Dit vind ook plaas in elke ander vak

of leerarea waar die onderwyser die Skrif bo die wetenskap stel en die leuen vir die kinders aantoon. Kinders word gevorm aan die hand van leerinhoud. Leerinhoud op sigself is nie die belangrikste nie.

Die Gereformeerde onderwyser sal elke geleentheid om normatief vormend te werk, aangryp. In die leerarea Mens en Sosiale Wetenskappe bied onderwerpe soos oorbevolking, aborsie en die leefgewoontes van ander volke 'n uitstekende geleentheid daartoe. In die leerarea Kuns en Kultuur is die bespreking van popgroepe en hulle 'sexshows' 'n ideale geleentheid om die kinders te leer om normatief te dink. In die Natuurwetenskapklas bied die onderwerp voortplanting 'n unieke kans tot normatiewe vorming. Tydens die lesure van Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe leer die onderwyser die kinders aangaande rentmeesterskap oor God se besit en in Lewensoriëntering dat 'n beroepskeuse nie afhang van hoeveel geld die beoefening van die beroep gaan oplewer nie. Hierdie lys kan met eindelose voorbeelde

aangevul word.

Aangesien bepaalde kernvaardighede vir die begrip van bepaalde vakke en die kennis van God se skepping van kardinale belang is, sal die Wiskunde-onderwyser die tafels vir die kinders indril. Die taalonderwyser sal die spellingreëls telkens herhaal, omdat die kind moet leer om duidelik skriftelik te kommunikeer om Jesus Christus op so 'n wyse aan die wêreld te verkondig.

Metodes van selfwerkzaamheid deur take en opdragte, projekte, navorsing en dies meer is in lyn met die Skrif. Dit is egter belangrik dat die Gereformeerde skool duidelike doelwitte definieer en voldoende leiding gee. Gereformeerde onderwys is immers opvoeding en nie berading nie. Opvoeding laat nie 'n kind self voortploeter nie. Opvoeding gee nie af en toe kommentaar nie. Opvoeding wys die weg duidelik aan.

Arso - skoolboeke

Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys (Arso) maak goeie vordering met die beskikbaarstelling van gereformeerde skoolhandboeke. Die volgende is beskikbaar en kan bestel word by Die Boekuitgewers, Posbus 1607, Queenswood, 0121, tel/faks 012 329 0031, e-pos iti03960@mweb.co.za

Vir graad 1	Lewensoriëntering.....R41	Kerkgeskiedenis.....R42
Bybel-werkboek.....R42	MSW en EBW.....R39	Geloofsleer.....R26
Lewensvaardigheid 2.....R32	Vir graad 5	Vir Graad 10
Lewensvaardigheid 3.....R37	Kerkgeskiedenis-werkb.....R35	Geloofsleer.....R26
Vir graad 2	Afrikaans.....R65	Bybel-handboek.....R35
Bybel-werkboek.....R39	Vir graad 6	Religieuse studies
Skrif-werkboek.....R51	Kerkgeskiedenis-handboek....R32	en kerkgeskiedenis.....R40
Taal leer-werkboek 1.....R41	Kerkgeskiedenis-werkboek....R22	Vir graad 11
Taal leer-werkboek 2.....R41	Ekon. Best. wet.-handboek....R41	Bybel-handboek.....R33
Spelling-werkboek.....R42	Ekon. Best. wet-werkboek....R32	Kerkgeskiedenis.....R32
Gesyferdheid 1.....R42	Lewensoriëntering.....R42	Vir graad 1 – 3
Vir graad 3	Vir graad 7	Bybelhandleiding
Skrif-werkboek.....R28	Kerkgeskiedenis-handboek....R35	vir onderwysers.....R34
Bybel-werkboek.....R36	Kerkgeskiedenis-werkboek....R22	Algemeen
Gesyferdheid 1.....R42	Vir graad 8	Dit is Gereformeerde
Gesyferdheid 2.....R42	Bybel-handboek.....R39	onderwys.....R25
Vir graad 4	Geloofsleer-handboek.....R25	Vir Aros
Bybel-werkboek.....R27	Kerkgeskiedenis.....R35	Normatiewe maatskappyleer .R32
Kerkgeskied.-handboek.....R32	Vir graad 9	
Kerkgeskied.-werkboek.....R22	Bybel-handboek.....R39	

Foi et Vie Réformées

Stel Gereformeerdegesindes in Suid-Afrika belang in die verspreiding van die evangelie aan al die nasies, en in besonder aan Franssprekendes, wat 'n baie groot gedeelte van die Afrika bevolking vorm? In die lig van die min bydraes wat ons deesdae bereik, moet ek hierdie kritiese vraag vra, sodat die bediening van die lewende Woord in Afrika en elders voortgesit kan word. Hoe belangrik is die Here se eie woorde in Markus 13:10, wat sy wederkoms onderhewig maak aan die verkondiging van die evangelie aan al die nasies, vir u? Ander waarskuwende tekens dat ons al hoe nader aan die einde kom is orals in die wêreld te bespeur, maar hier het ons te doen met ons eie betrokkenheid en verantwoordelikheid teenoor Christus se wederkoms, al is dit hoegenaamd nie in ons hande om die tyd en die datum hiervan te kan bepaal nie. Daar is hongersnood vir die Woord in 'n wêreld wat meer as ooit deurmekaar is. Wat doen ons om die sterwende mense daarmee te voed, terwyl ons kerklike spense vol is met allerhande kennis wat ons dikwels nie belangrik genoeg ag om met hulle te deel nie?

Onlangs het ek die volgende brief uit Bassar (Togo, Wes-Afrika) ontvang. Dit vertel van Afrika se honger na die Woord van God: *As nog een van die anonieme luisteraars wat dwarsoor Afrika na u luister, skryf ek nou vanuit Togo vir die eerste keer aan u. U kan u nie voorstel hoe groot my vreugde is by die gedagte dat ek een van u korrespondente, en dalk selfs een van u vriende, kan word nie! My naam is A.P.S., ek is 30 jaar oud, en 'n onderwyser by 'n plaaslike hoërskool. Ek is 'n lidmaat van 'n klein Baptiste-gemeente in Bassar. Ek het 'n groot passie vir Bybelse kennis en teologiese nadenke. In my kerk is ek betrokke by die bediening van die Woord as katkisasie-onderwyser en 'lekeprediker'. Dus sal u nie verbaas wees as ek u vra om vir my so gereeld*

en soveel as moontlik Christelike literatuur of klankmateriaal te stuur nie. So kan ek my kennis van die Woord verdiep, sodat ek myself en diegene wat na my luister kan opbou. Ek sal u baie dankbaar wees. Ek wil u ook gelukwens en bemoedig vir al die opofferinge wat u moet deurmaak ter wille van die verkondiging van die Evangelie in Afrika en die wêreld. Ek weet hierdie woorde klink dalk niksseggend, maar ek is oortuig dat die Here God, wat diegene wat Hom dien regverdig beloon, op u sy ryke seëninge sal uitstort.

Hierdie dankbare korrespondent bedank nie net vir my nie, hy bedank ook met sy hele hart diegene wat, as medewerkers in die bediening van *Glo en Leef Gereformeerd*, opofferings maak sodat die Woord verder uitgedra kan word. Sy brief is 'n getuigenis van wat ons in Handeling 12:24 lees, te midde van allerlei beproewings en vervolginge van sy dissipels: 'Maar die woord van God het verder versprei en veld gewen'.

Wil u nie oorweeg om ook medewerkers van hierdie bediening te word, deur gebed en konkrete ondersteuning nie? Hoe anders gaan ons die uitsaai van die evangelie op kortgolf deur FEBA Radio, wat derduisende mense in Tsjad, Niger en ander onbereikte plekke bereik, kan voortsit? Dit is nie die positiewe terugvoer van luisteraars op ons uitsendings wat kort nie: dis bloot die middele om te kan aangaan!

Ook die volgende brief is onlangs vanaf Antananarivo, Madagaskar ontvang: *Met groot vreugde kon ek na 'n paar van u uitsendings luister op Radio Vaovao Mahasoia ... Ek dink dat die programme wat u uitsaai 'n bron van lewe en van geloofsversterking is, daarom wil ek graag 'n kopie daarvan ontvang om hulle te kan naslaan wanneer nodig. Byvoorbaat baie dankie. Groete in die naam van die Here Jesus Christus.*

Onthou dat Madagaskar ook een van ons buurlande is en 'n Franssprekende land wat sterk onder Moslem-druk staan as gevolg van die ekonomiese oornamende deur immigrante uit die Comoro-eilande. Dit is uiters belangrik om die christene daar met die Woord te voed sodat hulle hul plek in die samelewing kan inneem en van die koninkryk van Jesus Christus helder getuig. Het ons nie 'n duidelike roeping van die Here ontvang om hulle te help nie?

Bankbesonderhede: ABSA Bank, Menlyn tak. Tjekrekening 'Reformed Faith and Life' nommer: 40-4878 6755.

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel beplan om DV op 3 en 4 Maart 2006 'n jaarvergadering te hou.

Nadere besonderhede sal in die volgende uitgawe bekendgemaak word.

Christusverkondiging op Kersfees

In Nader Bekeken van Desember 2004 skryf ds P Niemeijer 'n insiggewende artikel oor die sogenaamde 'kerklike jaar'. Verskeie sake word daarin aangespreek, waarvan die kern (vry oorgesit in Afrikaans) soos volg weergegee kan word:

Dit is opvallend dat daar nêrens in die Nuwe Testament van 'n jaarlikse Kers-, Paas- en Pinksterfees sprake is nie. Ook die Ou Testamentiese feeste kom selde in die Nuwe Testament voor. Die vraag wat ontstaan is of die lewe en werk van Christus dan nie in die Nuwe Testament in gedagtenis gebring word nie? Verseker word dit. Met die instelling van nagmaal het Christus geleer dat sy gemeente Hom moet gedenk. Hy as Persóón moet gedenk word, nie net sy dóód nie. Nagmaal het betrekking op sy koms in die wêreld, sy sterwe aan die kruis, sy oorwinning oor die dood, sy verhoging aan die regterhand van die Vader en sy wederkoms om in die ryk van sy Vader saam met ons nuwe wyn te drink. Nagmaal is die feestelike en die deur Christus Self ingestelde maaltyd wat ons bepaal by die lyn vanaf sy hemelvaart na sy wederkoms.

Ook die Kategismus laat ons sien dat die heilsfeite wat op die kerklike feesdae sentraal staan, nie net een keer per jaar gevier behoort te word nie. Dit gaan oor 'n lewe wat van nature gebroke is maar om Christus wil met God versoen is. Dit gaan oor 'n lyn vanaf die hemelvaart na die wederkoms. Dié lyn is vir die christendom kenmerkend. Dit is die lyn van God se voortgaande werk.

Die oeroue heidendom dink in sirkels. Elke jaar word 'n siklus van opgaan, blink en versink voltooi. By die sirkel is die gode intens betrokke. Elke najaar sterf die god van vrugbaarheid en in die nuwe jaar moet hy weer tot lewe kom. Hierdie sikliese denke het op 'n stadium ook in die kerk ingedring. So het die 'kerklike feesjaar' tot stand gekom. Feeste is

met rituele en spel ingekleur. Christus se geboorte, sterwe, opstanding en verhoging moes elke jaar herbeleef word. Adventweke, 'n Sondag vir drie-konings, epifanieë-tyd en 'n lydenstyd word sorgvuldig uitgemeet. Die kerklike jaar neem die vorm van 'n liturgiese jaar aan. Die aandag word weggevat vanaf die voortgaande heilshistorie en gevestig op die viering van gebeurtenisse uit die verlede waarin sekere hoogtepunte in Christus se lewe 'herhaal' word.

Teen hierdie agtergrond is dit veelseggend dat in ons Kerkorde geen kerklike jaar voorgeskryf is nie. Die kerke van die Reformasie was teen feesdae gekant. Hulle het dit selfs aanvanklik geskrap omdat die feesdae nie in die Skrif voorgeskryf word nie, en omdat dit so maklik die eis van God – om elke dag as feesdag te vier, en Sondag in besonder – verdring. Tog het die kerklike feesdae ná die Reformasie redelik gou weer 'n plek in die Kerkorde gekry. In artikel 68 (Kerkorde van die Gereformeerde Kerken Nederland – [GJM]) staan: 'Die kerkraad sal op die Kersdag, Goeie Vrydag, Paasdag, Hemelvaartsdag en Pinksterdag die gemeente tot openbare eredienste oproep waarin die heilsfeite, wat die gemeente op hierdie dae in besonder herdenk, verkondig word'.

Dit is opvallend dat artikel 68 nie 'n volledige jaarsiklus voorgeskryf word nie. Slegs 'n paar kerklike feesdae word genoem. Verder word dit uitdruklik bepaal dat die heilsfeite wat gedenk word, verkondig moet word. Dit gaan nie oor Kersféés wat gevier moet word nie (hoe gewild dit ook al is nie), maar oor die Kersfeit wat verkondig moet word. Artikel 68 organiseer nie 'n kerklike jaar nie, maar gee 'n reël vir prediking. Te midde van die vele dinge wat in die prediking aan die orde kom (die volle raad van God) moet die geboorte van Christus, sy sterwe en opstanding, sy hemelvaart en sy uitstorting van die Gees gereeld aandag ontvang. Dit

moet bo en behalwe Kategismuspreke en nagmaalsondae ook op kerklike feesdae geskied. Sodoende waak die kerk oor die gedagtenis van haar Heiland: nie deur telkens herhalende vieringe en rituele nie, maar deur die verkondiging van die Woord.

Dit is goed om vandag te benadruk dat ons geen kerklike jaar ken nie. Ons het nie 'n spesifieke feessiklus nie, ook geen jaarlikse siklus van geboorte, sterwe, opstanding en hemelvaart nie. Ons is op pad vanaf hemelvaart na wederkoms. In ons op pad wees word ons geroep om alle dae die heilsfeite van Kersfees, Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster te beleef.

Tog sien ons in ons dae verskillende neigings wat teen die gees van artikel 68 indruis. Aan die een kant ruk onder Roomse en Oosters-Ortodokse invloed die ritualisering van die kerklike jaar op. Aan die ander kant is daar 'n behoefte aan die beleving van 'n steeds uitbundiger kersfeeskultuur. Insteede van eredienste met Woordbediening word daar na meer as Woordbediening gesoek. Die ellende is dat die 'meer' altyd met 'n 'minder' gepaardgaan. Die konkrete verkondiging en gedagtenis van Christus en sy werk word deur menslike belewenisse verdring.

Ds Niemeijer se artikel is in twee opsigte rigtinggewend: bemoedigend sowel as vermanend. Beide moet ter harte geneem word. Die vermaning wat daarvan uitgaan, spreek ons in Suid-Afrika direk aan. Kommersialisering van Kersfees (en die ander kerklike feeste, veral Paasfees) is lankal nie meer nuus nie. Selfs Jood en Moslem en ateïs, wat van die Christus van Kersfees niks wil weet nie, benut die gulde geleentheid om van die publiek se kooplus terdeë gebruik te maak. Onder Christus-belyers word die neiging na verromantisering van die kersgebeure en 'n 'herbeleving' van Christus se geboorte 'n al

groter werklikheid. By die huis en in kerkgeboue word geen geld en moeite ontsien nie om met allerhande hulpmiddele 'n knus atmosfeer van vrede en welbehag te skep. Kersfees is 'n tyd van vakansie, bome en liggies, kersopvoerings en klingelende klanke, geskenkies oopmaak, gesellige samesyn, vroegoggend kerk-toe gaan (ook al is dit vir sommige een van min geleenthede per jaar om in die kerk te kom, maar op Kersfees is kerk 'n móét), milddadige kers-etes saam met familie.

Inderdaad: die vermaning is van pas. Besef ons nog waaroor Kersfees gaan? Kyk ons met geloofsoë na die Seun van God wat in die volheid van die tyd mens geword het, in ons

gebroke wêreld ingekom het, ter wille van ons die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het? Vir romantisering van die kersgebeure is daar geen ruimte nie. Dit vat alleen maar die aandag weg van dit waaroor die koms van Christus na die wêreld werklik gaan.

Met die vermaning in gedagte trek 'n mens hoegenaamd nie 'n streep deur Kersfees nie. Dit is en bly 'n fees wat feestelik gevier word. Artikel 67 van die Kerkorde van die GKSA is (ongelukkig) nie so op die punt af oor die viering van die feesdae soos artikel 68 van die GKN nie. 'Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag, word aan die

vryheid van die kerk oorgelaat'. 'Onderhouding' kan op verskeie maniere geskied. Die kern bly egter dit waartoe ds Niemeijer oproep: verkondig Christus, wat gesterf het en lewe! Met Kersfees keer ons nie terug na die Kind Jesus in 'n krip nie, maar ons kyk boontoe na Koning Jesus aan die regterhand van die Vader. En ons kyk vorentoe na Christus die Regter wat weerkom om te oordeel oor die lewendes en die dooies. Ons Middelaar se eerste koms in Betlehem roep om vervulling: sy tweede koms op die wolke van die hemel. Die uitsig op wederkoms gee ons meer as genoeg rede om met dank en blydschap fees te vier: Kersfees – Christusfees.

Sondag in die vroeë kerk

Viering van die Sondag as rusdag het die laaste jare opnuut in die kollig gekom. Nie net Nasionale Sinode 2003 van die GKSA het 'n breedvoerige rapport in verband hiermee aanvaar nie. Ook elders in die gereformeerde wêreld is en word studie oor die verhouding Sabbat en Sondag gedoen, met die bedoeling dat die gelowiges vanuit die Skrif onderrig en toegerus word om dié dag tot eer van God deur te bring. In Kompas van Oktober 2005 is 'n artikel van ds PG Boon, getiteld 'Sondag in die vroeë kerk: anders as verwag' gepubliseer.

Ds Boon skryf: *Hoe het die mense in die vroeë kerk hulle Sondag deurgebring? Deesdae heers daar 'n nogal gangbare mening dat ons mede-Christene in die eerste eeue op Sondag douvoordag kerk toe gegaan het, omdat hulle daarna aan die werk moes spring. Die Sondag sou naamlik pas 'n rusdag geword het vanweë die besluit van die eerste Christelike keiser Konstantyn in 321 n.C. Hierdie aanname, dat ons broers en susters uit die vroeë kerk op Sondag sou gewerk het, word deesdae selfs deur sommige gebruik om Sondagsarbeid te regverdig.*

Nou is dit inderdaad 'n feit dat Christene destyds soggens vroeg bymekaar gekom het. Ons lees hieroor by die bekende Romeinse outeur

Plinius (jr.): dat hulle (nl. die Christene) gewoon was om voor sonsopkoms liedere vir Christus en vir God te sing en mekaar onder eed daaraan te verbind om 'n goeie lewenswyse te lei. Wat ons by Plinius egter nie lees nie, is dat die Christene na hierdie byeenkoms gaan werk het. Ek ken ook geen enkele ander bron waarin dit vermeld word nie. Dit is naamlik opvallend dat alle mense in daardie tyd gewoon was om so vroeg op te staan. Dit is glad nie so besonders dat die Christene soggens vroeg bymekaar gekom het nie. Elkeen het vroeg opgestaan sodat hulle kan begin met hul werk sodra dit lig geword het. Kunstmatige verligting het die mense toe nog nie geken nie. Die mense se dagindeling het meer tred gehou met die ure wat dit lig was.

Verder is dit nie korrek om aan te neem dat die mense toe, net soos vandag, 'n vaste werk gehad het nie. Laat staan dat hulle iets soos 'n agt uur-lange werkdag geken het. Die ekonomie in die Romeinse Ryk het naamlik totaal anders in mekaar gestee as wat vandag die geval is. 'n Mens was of slaaf by 'n groot landheer ('paterfamilias') of jy was self so 'n landheer, dus iemand uit hoë stand. Of jy was slegs 'n los arbeidskrag, wat elke môre – soos dit jou uitgekom het – na die markplein gegaan het om jouself beskikbaar

te stel. En dit het uiteraard voor sonsopgang gebeur (vergelyk Matt 20:1 - Want die koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur). Kortom, die maatskappy het toe anders gefunksioneer. Dit is daarom nie korrek om te sê dat die Christene hulle eredienste voor sonsopkoms gehou het omdat hulle daaglikse werk op Sondag vir hulle gewag het nie. Of dat hulle – as minderheidsgroepering – nie by magte was om die Sondag as rusdag vir hulself te eis nie.

Dit word nog duideliker as 'n mens by die Joodse geskiedskrywer Josefus lees hoe 'n sinagoge-erediens gelyk het. Die Jode het uiteraard bymekaar gekom op die sabbat, die sewende dag van die week. Binne die Romeinse Ryk het die Jode die reg geniet om op die sabbat hulle gang te gaan. Die Romeinse reg het die Jode toegestaan om hulle op hierdie dag aan hul sabbatswette te hou. Maar, desnieteenstaande hierdie reg, is dit opvallend dat die Jode ook gewoon was om vóór sonsopkoms in die sinagoge bymekaar te kom. Dit onderstreep slegs die feit dat almal toe gewoon was om so vroeg op te staan.

By Josefus vind ons nog 'n interessante opmerking, naamlik dat 'n erediens in die sinagoge tot ses ure lank kon

duur! 'n Onderdeel hiervan was 'n gesamentlike middagmaal. Hierdie byeenkoms het dus in elk geval al die helfte van die sabbatdag in beslag geneem. Wat beteken dit met betrekking tot ons onderwerp? Ek dink dat dit aanneemlik is dat die byeenkomste van die Christene tot op sekere hoogte vergelykbaar was met die dienste in die sinagoge, in elk geval wat die tydsduur betref. Wat het plaasgevind tydens hierdie byeenkomste? Die volgende kernwoorde gee dit waarskynlik goed weer: leer van die apostels, gemeenskap, breking van die brood, gebede (Hand 2:42). 'n Mens kan hieruit aflei dat dit onwaarskynlik was dat die Christene na afloop van die erediens na hulle werk gegaan het. Hoewel hierdie erediens op die vroeë Sondagmôre al begin het, het die gebeure waarskynlik tot laat in die oggend geduur.

Maar het die Christene dan nie probleme met hulle baas gekry nie? Het hulle werk dan nie in gedrang gekom nie? Ek dink dat 'n mens nie met die oë van ons tyd na daardie tyd moet kyk nie. Dit het toe gewoon anders gegaan. Dit was byvoorbeeld goed moontlik dat 'n Christen wat 'n slaaf was by 'n Romeinse of selfs Joodse landheer, nie af gekry het op die eerste dag nie. Wat sy rusdag betref, was hy dus gebonde aan die sabbat. Dit was ook goed moontlik dat 'n Christen wat 'n slaaf was by 'n Christelike landheer, geen enkele probleem gehad het nie, omdat sy baas self 'n huisgemeente op sy landgoed gehad het en almal op Sondag af gekry het. Dit was ook goed moontlik dat 'n Christen-arbeider wat niemand se slaaf was nie, maar homself op die markplein aan ander uitgehuur het, self alle vryheid gehad het om te bepaal op watter dag hy wou gaan werk. Die situasie was dus

heelwat meer genuanseerd as wat 'n mens in die eerste plek sou dink.

Maar bestaan daar enige bewyse dat die Christene hulle rusdag op die eerste dag van die week gehad het? Is die weergawe korrek dat die Sondag eers 'n rusdag geword het vir die Christene nadat keiser Konstantyn die Sondag tot kollektiewe rusdag uitgeroep het? Ook hier is die saak meer genuanseerd. In die eerste plek het die besluit van keiser Konstantyn nie sommer uit die lug geval nie. Dit het aangesluit by die gangbare praktyk onder die Christene. In die tweede plek is dit opvallend dat die vroeë kerk enersyds voortgekom het uit die sinagoge, en dus ook baie ooreenkomste met die sinagoge vertoon het – ook wat betref die erediens. Maar andersyds het die kerk haarself ook heel selfstandig opgestel teenoor die sinagoge. Die heidense burgers in die Romeinse Ryk het dikwels gedink dat die kerk 'n bepaalde Joodse sekte was. Daarom het die vroeë kerk hulle heel bewus probeer onderskei van die sinagoge. Dit sien ons byvoorbeeld in hulle gewoonte om te vas. In die 'Didache', 'n bekende geskrif uit die vroeë kerk (wat so-iets beteken as Christelike onderwys), word vermeld dat die Christene hulle vaste vasdag op Donderdag gehad het. Dit in teenstelling met die Jode, wat op Woensdae gevas het. Met betrekking tot die rusdag is dit aanneemlik dat die Christene ook bewus vir 'n ander dag gekies het. Nie meer die sabbat, die sewende dag, nie, maar die eerste dag (Hand. 20:7), die Dag van die Here (Open 1:10), die dag waarop Hy opgestaan het uit die dood. Dit het die nuwe verbond se dag van rus en samekoms geword. Die dag waarop Christus 'n begin gemaak het met die ewige rus.

Geskiedenis is uiteraard nie normatief nie. Nie die optrede van mense nie, maar die wil van God dien as reël vir ons lewe. Dit is egter wel besonder insiggewend hoe die christene in die eerste eeue die wil van God in praktyk uitgeleef het. Wanneer 'n mens kennis neem van die omstandighede waarin die vroeë kerke die Sondag gevier het, besef jy dat talle christene vandag weer in presies dieselfde bootjie sit. Die druk vanuit die samelewing neem toe om van Sondag 'n prettag en sportdag en inkoopiedag te maak. Gevolglik word Sondag vir talle mense, met name die diensverskaffers van die pret en die sport en die inkoopies, 'n werkdag. Selfs skolesport op Sondae is nie meer 'n vreemde verskynsel nie. Kategete moet wikkell om met 'n katkisasieles na die erediens klaar te maak, sodat kinders kan regmaak vir hulle geskeduleerde krieketwedstryd.

Dit is 'n tragiese gegewe dat talle lidmate hulle die druk vanuit die samelewing laat welgeval. Dikwels gaan dit met 'n verskoning gepaard: die Here wil tog seker nie hê dat ek my werk of loopbaan op lewensideale die spel plaas nie? Of: om sport te beoefen is immers ook deel van rus? Met al sulke en talle ander verskonings, gebaseer op 'n menigte mens bedinkte redes, word die rusgebod van God summier eenkant geskuif. Nie sonder ontnugterende gevolge nie. Vanwaar die ongekend hoë stres-, spanning-, en uitbrandingsvlakke van die gemiddelde man op straat? Wie die rusgebod van God ignoreer, word noodwendig 'n slaaf in sy eie slawehuis. Dit is 'n wrede slawehuis. En die ergste van alles: God word onteer, die gemeenskap van gelowiges verbreek, die geloofslewe onmeetbare skade aangedoen.

Met nekke onder Een juk

Nasionale Sinode 2006 is op hande. 'n Sinode is 'n belangrike gebeurtenis in die kerklike lewe. Afgevaardigdes van kerkrade moet saam in die lig van God se Woord besin en besluit oor 'n groot aantal sake. Die wil van God moet in konkrete situasies by wyse

van geldige uitsprake bedien word. Dit is geen geringe taak nie. Dit verg wysheid en insig, gehoorsaamheid aan God en respek vir sy Woord. Dr Lourens Erasmus het in verband met die onlangse samekoms van die streeksinodes van die NG Kerk in die

Volksblad van 20 Oktober 2005 'n artikel oor die 'Vryheid van 'n sinode' geskryf. Die veelseggende onderskrif is: 'Met nekke onder Een juk'.

Die kerklike debat die afgelope tyd was 'n heel interessante een. By name in die geleedere van die NG Kerk was

die gemoedere behoorlik gaande. Veral ná die Hartenbos-sinode het die poppe behoorlik begin dans. Nie almal het positief gereageer op my kritiek nie. Sedert 1994 gaan dit by name om 'n herdefiniëring van die roeping van die kerk in 'n veranderende situasie. Die kerkvolk is nou ook deel van ons nuwe reënboognasie.

Dit beteken dat nuwe uitdagings aan die deur klop. Met 'n nuwe visie wil die NG Kerk 'n rol in die land vervul. Die heropbou en genesing daarvan verg ons dringende aandag. Dan wag die land en wêreld ook angstig dat die NG Kerkfamilie moet herenig. Kortom, die kerk het met soveel uitdagings te make! Hoekom dan hierdie meedoënlose kritiek? Meer as een van my kollegas en lidmate het as antwoord op my kritiek hul liefde vir die NGK verklaar.

Aan die vooraand van die Vrystaatse Sinode-sitting vanaf 23 Oktober wil ek teen bogenoemde agtergrond enkele opmerkings maak. Dit is belangrik dat ons deurdringende vrae sal vra en ook probeer beantwoord. Wanneer

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

bevind mens jou in die hart van die kerk? Wanneer is jy onbeskaamd lief vir die kerk? Wanneer kom daar vrede en rus in die kerk te midde van al ons verskille? In die taal van die Nederlandse Geloofsbelydenis: Wanneer die nek onder die juk van Jesus Christus buig (NGB Art. 28). Wanneer Hy in leer en in lewe as die enigste Hoof van die kerk erken en gehoorsaam word.

Aangrypend is Art. 29 van die NGB wat waarsku dat daar 'n valsheid by die kerk inkruip wanneer hy aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God. In sigself is die kerk dus nie 'n grootheid nie – daarom mag die NG Kerk dit ook nie probeer wees nie. Die enigste grootheid waarvan die kerk deurdronge mag wees, is die “volle grootte van Christus” (Ef 4:13; 1953-vertaling). Nêrens in die Bybel lees ek dat ons opgeroep word tot 'n soort institusionele of denominasionele liefde jeens die kerk nie.

In die gemeente van Korinte byvoorbeeld en in meer as een van die sewe gemeentes in Asië (Open 2-3) het daar dinge gebeur wat alles behalwe 'n liefde vir die kerk aangewakker het. Christus het ons leer bid, “laat u Koninkryk kom” – daarom die dringende oproep dat die kerk sal kom “tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God” (Ef 4:13). Liefde vir die kerk is om Christus en al sy weldade te omhels.

Mag ons op die komende sinode niks anders doen nie as om saam te luister na die stem van die Opperherder. Dalk beskik die Here vir ons 'n historiese sitting van veel betekenis. Dalk ontdek ons wat 'n sinode werklik veronderstel is om te wees: Plaaslike kerke uit verskillende oorde wat met mekaar in die naam van Christus oorleg pleeg ter wille van die bewaring van die Woordbediening. Tydens 'n sinode gaan dit om veel meer as die behandeling van die verslae van kommissies. Ten diepste moet ons ontdek hoe die lewende Christus deur sy Woord en Gees self tussen ons kom staan en hoe Hy ons in 'n eenheid aan Homself en aan mekaar bind.

Wat 'n belewenis kan dit nie wees nie. 'n Woord-ervaring, 'n belewenis van die persoonlike teenwoordigheid van Christus deur sy Gees. Ons moet teruggaan na ons gemeentes om

met nuwe oortuiging bedienaars te wees van die onvervalste Goddelike evangelie. Ons sal bevry wees van die druk om mense se behoeftes te bevredig. Ons sal aan hulle eerder bring wat hulle nodig het: Die orde en die vrede van Christus wat alle verstand te bowe gaan!

In die afgelope tyd is dikwels gesê ons moet die debat op 'n kerklike manier voer, nie in die koerante nie. Dit verwar net die lidmate, so lui die argument. Nou ja. Die tafel is gedek. In 'n sinode staan jy op puur kerklike terrein. Mag ons die debat dan nou hier voer by die lig van die Skrif, die belydenis en die onstuitbare werking van Gods Gees. Mag Christus ons hierin lei en vrymaak.

Ons wêét wat is dié sake wat in die NG Kerk roep om 'n Bybelse en teologiese uitklaring: Skrifgesag, binding aan die belydenis, Christus se ewige Godheid, kerkbegrip, Woordbediening en sakramentsbediening, kerkhereniging, gereformeerde identiteit, homoseksualiteit, prediking, die dienste wat Christus ingestel het, erediens, teologiese opleiding, die orde in Sy kerk.

Dit is hartsake hierdie. Dit gaan oor die geregtigheid van die Christus van die Skrifte. Dit is nié die liefhebber van 'n aantal bedompige gereformeerdes nie. Dit is ook nie 'n geval dat hier 'n paar outjies is wat sukkel met moderniteit en verskeidenheid in die kerk nie.

Duisende wag op die geregtigheid van Christus. Tienduisende glo van harte die gesag van die Skrif, dat God steeds die eerste en die laaste woord het.

Vir baie wat die kerk reeds verlaat het, moet daar weer nuwe hoop kom. Mag die Here ons lei om die dinge waarop dit werklik aankom, te kan onderskei.

Wat hier geskrywe staan, is net so van toepassing op Nasionale Sinode 2006 van die GKSA. Wanneer 'n menigte geskryfte oor die plek van die vrou in die kerk; kritiek op die nuwe psalmondigting; herindelings van klassisse; kerkregtelike, liturgiese en finansiële aangeleenthede ter sprake kom, 'mag ons op die komende sinode niks anders doen nie as om saam te luister na die stem van die Opperherder'.